Die Opstanding

Uittreksel van Pastoor Neser se preek: B43

Skriflesing: Markus 16:1-20

Kernvers: 6 – Hy het opgestaan. Hy is nie hier nie.

In die ganse plan van God is hierdie Opstandingsmôre die grootste gebeurtenis van alle tye. Mag die Here ook die lig van daardie gebeurtenis in ons harte laat skyn! In triomf en oorwinningskrag staan die Here Jesus op uit die graf en heers oor die dood en die graf en die hel. Prys Sy wonderlike en lieflike Naam - om te dink dat Hy leef tot in alle ewigheid.

Omdat Jesus leef behoort Sy kerk ook ‘n lewende liggaam te wees, behoort ons die tekens en die resultate en bewyse van daardie dag ook in ons eie lewens te hê.

Jesus se bevel aan Sy dissipels was dan ook om die hele wêreld in te gaan en dissipels te maak van al die nasies en hulle te doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees en hulle te leer om alles te doen wat Jesus hulle beveel het en geleer het.

Daar sal ook tekens wees wat hulle sal volg nl. dat hulle in nuwe tale sal spreek, duiwels sal uitdryf, hulle sal hul hande op die siekes lê en hulle sal gesond word, hulle sal slange opneem en as hulle iets dodeliks sou drink dit hul geen skade sal doen nie.

Nadat Hy al hierdie dinge gesê het is Hy opgeneem in die hemel en het gaan sit aan die regterhand van God in die Hemel….